**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING & BEWAREA**

**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU TE WORD OP WOENSDAG, 5 AUGUSTUS 2015 OM 13:00 BY DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

**NOMMER 07/2015**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Lavinia Lunow open die vergadering met gebed. Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig. Die Voorsitter noem dat heelwat lede met vakansie is.

## 2. PRESENSIELYS EN VERSKONINGS

### 2.1 Teenwoordig

| | | |
|---|---|---|
| Anton Dellemijn | Voorsitter | Tergniet |
| Des Muller | Ondervoorsitter | Riverside |
| Mike Wray | Bestuurslid | Tergniethoogte |
| Kruger de Wet | | Reebokhoogte |
| Johan Lötter | Noord van Spoorlyn | Reebok |
| Ann Pretorius | | De Lange Uitbr |
| Johann Muller | Suid van Spoorlyn | Reebok |
| Len Rauch | | Tergniet |
| Pieter le Roux | | Kleinbrak |
| Lavinia Lunow | | Fraaiuitsig |

### 2.2 Op Uitnodiging

| | |
|---|---|
| Raadslid Gibo Gerber | Raadslid - Wyk 5 |
| Raadsheer Kalie Smit | Raadslid - Wyk 4 |

### 2.3 Afwesig met verskoning

| | | |
|---|---|---|
| Annatjie J van Rensburg | Sekretaresse | Eureka Park |
| Charl de Wet | | Kleinbrak |
| Charl Coetzer | | Fraaiuitsig |
| Rozain Hanzen | | Munisipaliteit |
| Lydia Havenga | | Bewarea |
| Wendy Wiles | | Bewarea |
| Frik Nel | | Reebokrif |
| Ray Saul | | Reebokhoogte |
| Jorrie Jordaan | | Suiderkruis |
| Donovan Claassen | | Toekoms |
| Frans de Graaff | | Munisipaliteit |
| Terry Terblanche | | Riverside |

## 3 LIEF EN LEED

Wendy Wiles verjaar op 28 Julie 2015, Anton Dellemijn verjaar op 14 Augustus 2015, Rdl Gibo Gerber op 23 Augustus 2015 asook Johan Lotter op 29 Augustus 2015.

## 4. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Notule was weens onvoorsiene omstandighede nie deur almal ontvang nie, en staan oor vir volgende vergadering vir goedkeuring. Almal gaan akkoord met besluit.

5. **NUWE SAKE VIR BESPREKING**

5.1 **Aansoek om Vergunningsgebruik: Erf 950 Reebok.**

Die MBBV het 'n geregistreerde brief ontvang. Eienaar doen aansoek om 'n Selfoon lugdraad (MTN) op sy woning se dak aan te bring. Volgens die foto's het dit geen impak op area nie en almal gaan akkoord dat die vergunning toegestaan kan word vir beter sein opvangs. **Brief sal gestuur word.**

5.2 **Reeboksfontein Natuurgebied Omheining 'Reebok Rif Ontwikkeling'.**

Die Voorsitter noem dat hy die nodige dokumentasie aan alle lede gestuur het. Hy en Mike het saam met die kontrakteur vergader op die perseel waar daar aan hulle uitgewys is wat hulle beplanning is rondom die area. Hy het sy kommer uitgespreek dat net die omheining van een gedeelte verdeelde belange kan meebring, asook wie gebruik van die park mag geniet en wie nie. Die finale verslag was ook aan die lede gestuur vir kommentaar. Lede is bekommerd oor die woordkeuses wat in Mnr Chris Gaigher van CODEV se verslag vervat word en ondersteun glad nie die versoek nie. **'n Brief sal gestuur word.**

6. **AANVULLENDE AGENDA**

6.1 **Groot-Brakrivier.**

Pieter noem dat die parkeer area by die Groot-Brak Munisipale kantore sleg vertoon agv al die modder en grond. Die publiek besoek die Munisipaliteit en dit skep verkeerde indrukke. Hy stel voor dat die area geteer of plavei word. Rdl Gibo noem dat hulle reeds kennis dra van die probleem en elke jaar geld begroot en gedeeltelik plavei soos geld beskikbaar word. **Gibo sal saak weer onder die Munisipaliteit se aandag bring.**

6.2 **Groot_Brakrivier Sokker Veld.**

Johann noem dat inwoners van Toekoms asook Donovan dit onder ons aandag bring dat daar geen kleedkamer fasiliteite beskikbaar is vir al die krieket spelers. Len noem dat dit onder Wyk 4 val. Kalie noem dat hy met Donovan vergader het om probleem aan te spreek. **Haal af**.

6.3 **Reebok Gemeenskapsaal Huur.**

Die Voorsitter noem dat al die Gemeenskap sale in Mosselbaai se tariewe buitensporig verhoog is en nie deur organisasies geakkommodeer kan word nie. Hy noem dat waar ons as MBBV 10% van die tarief in die verlede betaal het, kry ons nou net 10% afslag. Die koste van R288 per vergadering kan ook nie bekostig word nie omdat die MBBV 'n nie-winsgewende gemeenskaps organisasie is wat ook tot voordeel vir die Munisipaliteit gebruik word. Verder het hy namens die MBBV 'n vertoë ingedien wat ook meld dat die MBBV munisipale verteenwoordiging geniet asook twee Raadslede teenwoordig het. Die Mun het die vergunning goedgekeur waar die MBBV nou weer R32 per vergadering gaan betaal. Kalie verduidelik die proses asook die verlies wat die Raad getoon het met die gemeenskap sale.

Kalie verduidelik dat GPF en Buurtwag se gebruik se omskrywing ook nog nie duidelik is nie en besluit/proses word nog oorweeg deur Munisipaliteit.

Anton noem dat Reebok Mark se motivering ook deur die Belastingbetalers ondersteun word en wag vir uitslag. Die mark is nie ‘n geldmaak mark nie maar die afgelope 16 jaar ‘n welwillendheidsmark. Die Ouetehuis se staatsubsidie word aangevul, die Gestremde vereniging trek voordeel asook ander arm organisasies en verenigings. Surplus fondse word aan die Buurtwag en welwillendheids organisasies soos bv die SPCA, geskenk. Hulle fooie is verhoog van R100 na R520. Hulle inkomste regverdig nie die huur nie. Dieselfde geld vir die Kleinbrak VLV, Vriendskapklub en Midbrak Tuinbou klub. Kruger noem dat die Dames wat oefen in die saal, voor toe deure gestaan het en nou gaan hulle na die media. Kommunikasie was ook probleem van die Munisipaliteit af. Anton bedank die Raadslede vir hulle ondersteuning met die saak. **Saak word ondersoek.**

6.4 **R102 Slaggate.**

Len noem dat die gate herstel is maar sal deurlopend gemonitor word. Gibo noem dat hulle vandag reeds besig was met herstel. **Haal af.**

7. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**

7.1 **Suiderkruis Veiligheid, Water Reservoir’ deurgang na en vanaf R102.**

Die Voorsitter noem dat die Polisie die inbreker gevang het wat verbind word met al die inbrake in Suiderkruis. Len noem ook dat hy, AO Winston Coetzee asook Annatjie, daar gaan besoek aflê het. **Afgehandel.**

7.2 **Reebokhoogte – Oesterlaan.**

**Staan oor**, wag vir terugvoering, Annatjie het ‘n epos aan Munisipaliteit oor die saak gestuur.

7.3 **Beurtkrag.**

Len noem dat die Munisipaliteit verlede Maand ‘n skedule gestuur het vir Julie maand beurtkrag. Kruger noem dat die skedule aaneenlopend is. Rdh Smit noem dat Eskom beurtkrag toepas en nie die Munisipaliteit nie. Kruger noem weer dat alle areas se beurtkrag nie ooreenstem met areas wat af en ander areas aan is nie. **Annatjie sal weer navraag doen.**

7.4 **Gordoniaweg Natuurstrook.**

Die voorsitter noem dat die inwoners se versoek weer afgekeur is deur die Munisipaliteit. Intussen was daar weer twee tot drie insidente, inwoners moet maar gereeld vertoë indien. Inwoners is in kennis gestel. **Haal af.**

8. **BYWONING MUNISIPALE KOMITEEVERGADERINGS**

Pieter le Roux en Charl de Wet kon ongelukkig nie die Munisipale Komitee vergadering bywoon nie. Len en Anton het wel die Burgermeester Raadsvergadering bygewoon op 30 Julie.

9. **WYKSKOMITEES**

Johann noem dat alle probleme en versoeke ook daar vervat word. Anton noem dat lede hulle insette moet gee vir die GOP vergaderings. Len noem ook dat hy genomineer is as Wykskomitee lid van Wyk 4.

10. **PROJEKTE**

10.1 **R102 Deurpad en gras areas (Lede).**

Gibo het die punt na die Eden Raadsvergadering verwys en sal gemonitor word.

10.2 **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings & monitoring (Frik)**

Geen sake, aksies word deurlopend hanteer. Anton noem dat hy twee stopstrate te Bredell en Olkers Weg deurgegee het. Johan het Jonkersberg Weg se stopstraat ook gerapporteer.

10.3 **Hersiening van Straatname en Kartering van nuwe uitbreidings (Len).**

Anton noem dat daar nog geen antwoord op Len se versoek ontvang is nie. **Brief sal weer opgevolg word.**

10.4 **Skoonmaak van erwe.**

Deurlopende Aksie.

11. **FINANSIES**

Anton gee oorsig. MBBV & Bewarea finansies onveranderd. ‘n Bedrag van R30.00 is inbetaal. Frik het ook laat weet dat bewarea finansies onveranderd is. Kalie noem ook dat hulle versoek het dat MBBV&B saalhuur kwytskelding moet kry. Wag nog op uitkoms. Anton noem dat geld goedgekeur moet word vir die openingsfunksie van Klipspringer Wandelpad. **Bedrag van R500 word goedgekeur.**

12. **POLISIëRING/BUURTWAG**

Anton noem dat die inbrake nou stil is en dat die Polisie die inbreker gevang het wat verbind word met verskeie inbrake. Johann noem ook dat hy daagliks die Polisie stasie besoek. Hulle het suksesvolle Buurtwag- en GPF Opleiding aangebied. Die GPF het ‘n eerste Polisie Biddag gehad en bedank al die inwoners. Verder het Power Town ‘n groot dwelm probleem. Hulle is besig met kursus reelings om die Pa en kind verhouding aan te spreek.

13. **BEWAREA**

Aangeheg die MBBV Bewarea Verslag deur Wendy. Lavinia gee ook terugvoer oor die skildpad borde en aansoek proses na die Munisipaliteit. Anton noem ook dat die lede die wandelpad moet gaan stap, dis ‘n baie besonderse roete. **Goedkeuring was verleen om die kontrakteur te betaal.**

14. PLAASLIKE SAKE

14.1 De Lange Uitbreiding (Ann)

Alles in orde.

14.2 Toekoms (Donovan)

Water en ligte teenoor straatnommers is reggemaak. Geen verdere sake.

14.3 Eureka Park (Annatjie)

14.3.1 Duineweg se stormwater probleem.

Annatjie het weer versoek deurgegee aan die Munisipaliteit. Anton het ook die area besoek en daar is wel 'n groot probleem op die eienaar se erf. Area sal deurlopend dopgehou word, versoek kan ook op GOP geplaas word.

14.3.2 Selfgemaakte stormwatersluis Duineweg

Gibo noem dat saak aandag geniet.

14.3.3 Pad oorgang by Suiderkruis en Spar

Anton wag vir terugvoer.

14.4 Fraaiuitsig(Lavinia en Charl Coetzer)

Geen probleme.

14.5 Suiderkruis

Geen sake.

14.6 Riverside(Des)

Geen sake.

14.7 Tergniet(Len en Anton)

Geen sake.

14.8 Tergniethoogte(Mike)

14.9 Klein Brakrivier (Charl de Wet & Pieter le Roux)

14.9.1 Meyerstraat Rubberboom moet gesnoei word deur Munisipaliteit. **Epos sal gestuur word.**

14.9.2 Blouvlagstatus. Staan oor vir vakansie seisoen reelings vergadering.

14.10 Reebok

14.10.1 Noord van die Spoorlyn (Johan Lotter)

Geen sake.

14.10.2 Suid van die Spoorlyn (Johann Muller)

Geen sake.

14.11 Reebokhoogte (Ray & Kruger)

Geen Sake.

14.12 Reebokrif(Frik Nel)

Geen Sake.

15. KORRESPONDENSIE

**Sien Para 5.1 en 5.2**

16. ALGEMEEN

16.1 Des noem dat die Smouse weer aktief is. **Wetstoepassers sal gekontak word.** Gibo noem dat dit 'n gevaar inhou vir die verkeer.

17. VOLGENDE VERGADERING

Die volgende vergadering vind op **02 September 2015 om 13h00** in Reebok Gemeenskapsaal plaas.

Hiermee verdaag die vergadering om 15h00

**GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 08/2015 GEHOU OP 02 SEPTEMBER 2015 OM 13:00**

ANTON DELLEMIJN
VOORSITTER

| MBBV AKTIWITEITSLYS 2015/2016 | |
|---|---|
| Onderwerp | Bespreking |
| 1. Midbrak ontwikkeling – voorgestelde grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of 'n soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpstigting | Nov 2015 |
| 2. Sake by Regsafdeling | |
| a. Tennisbane – Klein-Brakrivier (navraag oor eiendomsreg) | Aug 2015 |
| b. Erf 264 en 271, Reebok (vordering van eiendomsreg) | Des 2015 |
| c. Koraal Singel 43 (Vordering). Regsgeding. | Dec 2015 |
| 3. Trap 6de Laan. (Terugvoering van Mnr Eddie Jantjies (Gemeenskap dienste) ontvang. Trappe sal in 2015/2016 boekjaar hanteer word. Albei kante van trappe gaan gevul word met die 'brushpacking' metode om sodoende mense van duin weg te hou en erosie te voorkom.) | Sep 2015 |
| 4. Hersëel van Hildegardestraat Fraaiuitsig. Anton noem dat daar geen rekord is die afgelope vier jaar oor die straat nie asook nie op die Herseellys nie. Versoek is gerig aan Mun. Terugvoering van Altus Eitner dat daarduidiglik geen fondse vir die straat is nie en word wel op die herseellys geplaas word vir n latere stadium. Opdrag word aan Ralph Dickson gegee om straat te vee asook gate te stop. | Sep 2015 |

| | |
|---|---|
| 5. Begroting vir opgradering van 'Drop off Sites'. L Herselman Munisipaliteit | Sept. 2015 |
| 6. Strate en Stormwater(Reebok en Tergniet) – Kusweg 211, 275 & hv De Jager & Kusweg | Okt. 2015 |
| 7. Hersiening van Straatname en Kartering van nuwe uitbreidings. | Okt. 2015 |
| 8. | |
| 9. | |
| 10. | |

**MIDBRAK CONSERVANCY/BEWAREA JULY 2015 REPORT**

Please include in the minutes of the meeting on 5 August 2015 that no acknowledgement or reply has been received to the following letters:

Initial letter dated 26 March 2015 to Mr J Johnston requesting PWD to clear category 1, Invasive Alien A. Cyclops from Erf 928, it is a fire hazard and it is illegal to have it growing there. Mr Johnston forwarded me his letter to PWD. Since then nothing has happened, I wrote asking for an update on 26 May 2015 and have not received a reply or acknowledgement of this letter.

I wrote on 9 June 2015 to Mr A Nel requesting that Great Brak be included in the concession to allow dogs on the beaches on a leash. I have not received acknowledgment or reply to this letter.

**Activities**

Lavinia continues to work on the tortoise sign project. Thank you!

August contribution to the Great Brak Post features the Angulate Tortoise.

Groot Brak Ontbossing is still working on the trail. By the time of the meeting they should be finished.

The Facebook group is growing…63 members, and becoming more interactive.